




Lux Mundi Gemeente

Corona



**REËLINGS IN VERBAND MET PRESIDENT CYRIL RAMAPHOSA SE
NOODAFKONDIGING RAKENDE DIE CORONA-VIRUS (COVID-19)**

Suid-Afrika is Sondag onder rampbestuur geplaas nadat president Cyril Ramaphosa die land toegesprek het en daar ook 'n totale verbod op alle byeenkomste wat meer as 100 mense behels geplaas is.

Hierdie maatreëls het 'n direkte impak op ons as gemeente en gemeenskap. By Lux Mundi is mense se welstand in alle vorme vir ons belangrik, tewens dit is vir ons 'n roeping. Dit is vir ons belangrik om ons medemens te versorg en te ondersteun en saam in ons gemeenskappe hande te vat waar ons werk, bly en speel.

Ons wil ook graag van hierdie probleem 'n geleentheid maak en dit in spasies van hoop, liefde en genade omskep. Dit is 'n uitstekende geleentheid vir families en vriende om huiskerk te herontdek. Ons wil ook ons regering bystaan en so hulle hand versterk om ten alle koste die virus se verspreiding af te plat.

Navorsing toon dat sosiale distansiëring tans die beste voorsorgmaatreël vir die verspreiding van die COVID-19 virus is. Dit is om hierdie rede dat ons graag tot Paasfees die volgende reëlings tref met betrekking tot ons gemeente:



Eredienste sal tot verdere kennisgewing nie op Lux Mundi se terrein plaasvind nie.



Eredienste op Sondag sal digitaal beskikbaar gestel word in verskillende data-formaat-opsies op video asook in MP3. Julle sou as gesin, individue of as kleingroepe op Sondag om 09:00 bymekaar kon kom in huise en so aan die eredienste deelneem.



Volledige inligting oor hierdie digitale uitsendings sal later in die week gekommunikeer word deur al ons kommunikasiekanale.



Ons is deeglik bewus daarvan dat byeenkomste wat nie 100 mense oorskry nie toelaatbaar is. Tog is die gesondheid van ons lidmate en dié met wie hulle die lewe deel vir ons baie belangrik en daarom sal ons nie enige byeenkomste by die gemeente hou nie en 'n versoek rig dat ons lidmate ook byeenkomste se getalle sal beperk tot 'n minimum.



Diensgeleenthede

- Jy kan jousef beskikbaar stel deur te help om na lidmate se kinders te help kyk. Betroubare tieners en studente kan byvoorbeeld hier 'n kardinale rol speel deur twee of drie gesinne se kinders by 'n huis op te pas.
- Jy kan inkopies gaan doen vir bejaarde mense in ons gemeente en hulle so beskerm teen onnodige blootstelling.
- Jy kan help om hand-skoonmaak-middels te skenk en jy kan help om dit uit te deel aan daklose mense, motorwagte, by die taxi-stop oorkant Atterbury-Value-Mart.
- As jy van enige ander hulp kan wees of benodig, moenie huiwer om ons te kontak nie.

Meld jousef aan vir diens of behoefte by:
erediens@luxmundi.org.za

Ons sal sover moontlik lidmate tegemoet kom met Nood, Begrafnisse en Huwelike en julle kan die leraar van julle keuse direk kontak in hierdie verband.

Dr. Johan Taute - 083-608-4111 - jtaute@luxmundi.org.za

Dr. Sebastiaan van Dyk - 079-499-8790 - svandyk@luxmundi.org.za

Ds. Frikkie Coetzee - 083-222-6017 - fcoetzee@luxmundi.org.za

**“THE THUMA MINA MOMENT IS
UPON US, PERHAPS AS NEVER
BEFORE.”**

- PRESIDENT CYRIL RAMAPHOSA

Hierdie “Thuma Mina” waarvan die president praat, is ’n aanhaling uit Jesaja 6:8. Dit is die oomblik toe Jesaja op die Here se roeping reageer het.

Dit beteken: “Hier is ek! Stuur my!”.



Die woorde van “Thuma Mina” is ook die bekende titel van Hugh Masekela se lied:

I wanna be there when the people start to turn it around
When they triumph over poverty
I wanna be there when the people win the battle against AIDS
I wanna lend a hand
I wanna be there for the alcoholic
I wanna be there for the drug addict
I wanna be there for the victims of violence and abuse
I wanna lend a hand
Send me

